

*“Die koning sal die arm mense red wat vra dat hy hulle moet help, die mense wat hulleself nie kan help nie en vir wie niemand wil help nie. Hy sal jammer wees vir die arm mense, die mense wat niks het nie...”*  
(Psalm 72: 12 en 13)

1. Daar is so baie mense met nood in die wêreld, mense wat hulleself nie kan help nie. **Noem bietjie in die groep** groepe mense waaraan julle kan dink, bv kreupel persone, dowe persone, ens.,
2. **Bespreek:** Kan mens sê een groep mense met ‘n sekere nood/probleem het dit moeiliker as ander, bv kreupel persoon kry swaarder as dowe persone?
3. **Deel in die groep:** Watter groep mense in nood lê jou die naaste aan die hart/druk die swaarste op jou hart? Hoekom?
4. As groep het julle by punt 1 verskillende groepe mense met nood opgenoem. **Kyk in die volgende Bybelgedeeltes** van watter groepe mense in nood daar gepraat word: Jakobus 1:27; Psalm 72:12-14, Matteus 25:34 – 40.
5. Ons is bewus van al die groepe mense met nood in die wêreld. **Bespreek:** Wat maak dat ons nie altyd gewillig is om te help nie? Wat is die redes wat ons as verskonings aanvoer waarom ons gladnie/nie nog meer mense help nie?
6. Waarmee moet ons mense help? Wat is die belangrikste: dat hulle brood (fisiese hulp) kry, of eerder Brood (geestelike hulp: Jesus is hul Verlosser – Joh 6:35)?
7. **Lees Spreuke 3: 27 en 28.** Dit wys ons: Ons *moet* help met wat ook al *vandag* tot ons beskikking is (selfs al is dit min – min geld, min tyd, min gesondheid)!
8. **Herinner mekaar:** Watter geleenthede is daar, naby asook ver, wat God al onder die aandag van ons as Rietfontein-Suid gebring het/op ons harte gelê het waar ons betrokke is, nog moet raak, nog meer moet raak.
9. **Besluit:** Waar gaan ons as as omgegroepe betrokke begin raak/ nog meer betrokke raak? Hoe en wat en wie en wanneer?
10. **Bid saam** vir mense in nood.